

Enkele landbou-ekonomiese begrippe



2005



agriculture

Department:
Agriculture
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**Enkele
landbou-ekonomiese
begrippe**

2005

**DEPARTEMENT VAN LANDBOU
PRETORIA**

This publication is also available in English

2005 (Tweede hersiene uitgawe)
1989 (Eerste hersiene uitgawe)
1986 (Eerste uitgawe)

Saamgestel deur
Direktoraat Produksie- en Hulpbronekonomie

Uitleg, gedruk en uitgegee deur
Direktoraat Landbou-inligtingsdienste, Departement van Landbou

Verkrygbaar van
Resource Centre, Privaatsak X144, Pretoria, 0001 Suid-Afrika

ISBN 1-86871-161-7

Hierdie publikasie is op die web beskikbaar by: www.nda.agric.za

VOORWOORD

In die voorwoord van die eerste oorspronklike uitgawe oor enkele landbou-ekonomiese begrippe in 1986 is dit gestel dat elke vakdisipline 'n aanvaarbare gemeenskaplike vaktaal nodig het om spraak- en begripsverwarring uit te skakel. In ontwikkelde lande soos die VSA die VK en Australië word die nasionale standaardisasie van ekonomiese terminologie al dekades lank in stand gehou.

Hoewel die eerste ernstige nasionale pogings in Suid Afrika eers in die tweede helfte van die tagtiger jare van regeringskant geloods is, het die boek uit die staanspoor byval gevind en aan 'n noodsaaklike behoefte voldoen. Die feit dat die eerste uitgawe van Oktober 1986 reeds in Mei 1989 by wyse van 'n hersiene uitgawe herdruk moes word, is 'n duidelike bewys hiervan. Hierdie landbou-ekonomiese begrippe is op 'n vrywillige basis wyd gebruik ook vir opleiding van landbou-ekonomiesestudente by verskeie tersiêre opleidingsinstellings, wat baie bygedra het tot redelik algemene aanvaarding daarvan.

Met die koms van die nuwe Suid-Afrikaanse staatkundige bedeling in 1994 saam met globalisasie en die deregulering van landbou, het landbou-ekonomiese begrippe op produksievlak na die agtergrond verskuif. Tans is daar egter hernieude belangstelling in produksie- en hulpbron-ekonomie, wat ook in die nuwe basiese funksies en organisasiestrukture van die Departement van Landbou weerspieël word. Waar staatseenhede op al drie owerheidsvlakke (nasionaal, provinsiaal en plaaslik) met landbou-aangeleenthede handel, het die behoefte aan standaardisasie nog meer noodsaaklik geword.

Op grond van hierdie onmiddellike aktuele behoefte het die nuut gestruktureerde Direkoraat Produksie- en Hulpbron-ekonomie van die Departement van Landbou besluit om as 'n eerste stap die 1989 publikasie met enkele wysigings dadelik te herdruk. Die oogmerk is om die behoefte en gebruikswaarde daarvan te bevestig en te evalueer. Indien daar bevind word dat daar 'n behoefte is om die begrippe te hersien en/of uit te brei, sal 'n hersiene weergawe na wye konsultasie mettertyd gedruk word.

U terugvoer in dié verband sal opreg waardeer word.

SENIOR BESTUURDER: PRODUKSIE- EN HULPBRON-EKONOMIE

INHOUD

1.	UITSETTERME	1
1.1	Bruto produksiewaarde van 'n lewendehawevertakking	1
1.2	Bruto produksiewaarde van 'n kontantgewasvertakking	2
1.3	Diverse boerdery-inkomste	2
1.4	Totale produksiewaarde	2
1.5	Bruto inkomste van 'n vertakking	2
1.6	Bruto boerdery-inkomste	2
2.	INSETTERME	5
2.1	Rekeningkundige insetterme	5
2.2	Algemene koste-terme	5
3.	EKONOMIESE EN FINANSIËLE MAATSTAWWE	8
3.1	Bruto marge	8
3.2	Bruto marge van 'n lewendehawevertakking	8
3.3	Bruto marge van 'n kontantgewasvertakking	8
3.4	Bruto marge van 'n voer- of aangeplanteweidingsgewas-oppervlakte	8
3.5	Totale bruto marge	9
3.6	Totale boerdery bruto marge	9
3.7	Marge bo (spesifiseer koste)	9
3.8	Netto boerdery-inkomste	10
3.9	Boerderywins of -verlies	10
3.10	Toevallige/innovatorswins en -verlies	10
3.11	Eie bestuursvergoeding	10
3.12	Vergoeding aan totale kapitaal	10
3.13	Vergoeding aan eie kapitaal	10
3.14	Besteembare inkomste	10
4.	ENKELE GEBUIKSTERME BY BOERDERY-ONTLEDINGS	16
4.1	Grond	16
4.2	Voergewasse	16
4.3	Lewendehawe-eenheid	16
4.4	Bedryfstak	16
4.5	Voertuie en werktuie	16
4.6	Arbeid	16
4.7	Bestuur	16
4.8	Gehuurse werknemers	17
4.9	Kapitaal	17
4.10	Kontantvloei	17
4.11	Omset	17
5.	BOERDERYREKENINGE	19
5.1	Staat van inkomste en uitgawes	19
5.2	Balansstaat	19
	Finansiële verhoudingsgetalle	21
	Lys van voorgestelde afkortings	22

DIAGRAMME

1.	Verskil tussen die bepaling van bruto produksiewaarde en bruto inkomste van 'n lewendehawevertakking	3
2.	Verskil tussen die bepaling van bruto produksiewaarde en bruto inkomste van 'n gewasvertakking	4
3.	Uiteensetting van insetterme	7
4.	Insetterme ten opsigte van boerderyvertakkings (met voorbeelde vir die verskillende koste-kategorieë)	8
5.	Bepaling van die bruto marge van 'n lewende hawe vertakking	9
6.	Bepaling van die bruto marge van 'n gewasse vertakking	9
7.	Bepaling van netto boerdery-inkomste en netto boerderywins	11
8.	Berekening van netto boerdery-inkomste vir ontledingsdoeleindes	12
9.	Samevatting om alternatiewe wyse om boerderywins of -verlies te bereken	13
10.	Die berekening van sekere vergoedingsresidu's	14
11.	Berekening van besteebare en netto besteebare inkomste	15
12.	Samestelling van totale kapitaalbelegging in die boerdery	18
13.	Verband tussen kontantvloei en boerderywins of -verlies	18
14.	Voorbeeld van 'n bestuursbalansstaat	20

1. UITSETTERME

Hierdie terme hou meestal verband met die waarde van die produksie of opbrengs van 'n bepaalde vertakking of van 'n boerdery in sy geheel, wat op die plaas verbruik of verkoop is. In sekere gevalle kan dit ook diverse boerdery-inkomste insluit.

1.1 **Bruto produksiewaarde (BPW) van 'n lewendehawevertakking** is die totale waarde van produksie van lewendehawe-produkte *plus* handelsinkomste *plus* kapitaalverandering van die lewendehawevertakking. Dit word soos volg bereken:

PRODUKINKOMSTE¹ =

Bruto verkope (insluitend alle voor-, middel- en agterskotte)

- + Versekering op produkte ontvang
- + Produkte deur huis verbruik (sluit skenkings in)
- + Produkte deur arbeid verbruik
- + Produkte verbruik deur ander boerderyvertakkings (interne oordragte)
- + Voorraad-aanpassing (eind- *minus* beginvoorraad)

plus

HANDELSINKOMSTE =

Lewendehaweverkope

- + Lewende hawe geslag vir huis (sluit skenkings in)
- + Lewende hawe geslag vir arbeid
- + Versekering ontvang op lewende hawe
- + Ander direkte ontvangste (produkte uitgesluit)
- + Verskuiwings (uit) na ander lewendehawevertakkings (interne oordragte)
- Verskuiwings (in) vanaf ander lewendehawevertakkings (interne oordragte)
- Lewendehawe-aankope

plus

KAPITAALVERANDERING =

Eindwaarde van lewende hawe

- Beginwaarde van lewende hawe

¹ Slegs bemarkbare produkte is ter sake. Produkte wat nie 'n markwaarde het nie, kom nie in aanmerking vir bruto produksiewaardeberekennings nie

1.2 **Bruto produksiewaarde van 'n kontantgewasvertakking** is die totale waarde van die produksie van die vertakking en bestaan uit die bemarkbare opbrengs wat die volgende verteenwoordig:

Bruto verkope (insluitende alle voor-, middel en agterskotte)

- + Versekering ontvang as gevolg van gewasverliese
- + Huisverbruik (sluit skenkings in)
- + Arbeidsverbruik
- + Verbruik op plaas vir voer en saad (interne oordragte)
- + Voorraad aanpassing (eind-*minus* beginvoorraad)

NOTA: Bruto produksiewaarde van voer- en weidingsgewasse word weerspieël uit die uitsette van die lewendehawevertakkings waardeur dit benut word.

Die basiese verskil tussen kontantgewasse en voer- en weidingsgewasse hang hoofsaaklik af van die primêre doel waarvoor die gewas geplant word. Indien daar egter probleme ontstaan met betrekking tot toevallige verkope en/of bemarkbare voorraad aan die einde van die produksiejaar (waar die waarde van verkope en/of bemarkbare voorraad in omvang te groot is), is dit wenslik om so 'n gewas eerder as 'n kontantgewas te beskou. Weidingswaarde word in so 'n geval geïgnoreer.

1.3 **Diverse boerdery-inkomste**² is 'n inkomste wat deur middel van 'n boerdery-aktiwiteit voortgebring is, maar wat nie direk na 'n boerderyvertakking geallokeer kan word nie. Dit is onder meer:

- (a) Inkomste verkry uit kontrakwerk met bestaande surplus kapasiteit
- (b) Bonus op omset
- (c) Plaasprodukte verkoop wat moeilik allokeerbaar of klein in omvang is
- (d) Toevallige inkomste uit veld verhuur en grashooi verkoop en/of
- (e) Toevallige inkomste uit 'n voergewas.

1.4 **Totale bruto produksiewaarde** is die som van bruto produksiewaardes van al die boerderyvertakkings (kontantgewasse en lewendehawevertakkings) plus diverse boerdery-inkomste.

1.5 **Bruto inkomste van 'n vertakking** word net soos bruto produksiewaarde van 'n gewas- of lewendehawevertakking bereken, met dié verskil dat interne oordragte (intermediêre insette) van produkte en lewende hawe vanaf een vertakking na 'n ander nie in berekening gebring is nie.

1.6 **Bruto boerdery-inkomste** is die som van die bruto inkomste van die boerderyvertakkings ten opsigte van kontantgewas- en lewendehawevertakkings, plus diverse boerdery-inkomste

of

dit is gelyk aan totale bruto produksiewaarde minus interne oordragte.

² Korting op aankope, surplus boerderybenodigdhede verkoop en subsidies en rabatte ontvang op boerderybenodigdhede moet eerder van die koste afgetrek word – indien nie moontlik kan verrekening by oorhoofse boerderykoste gedoen word




DIAGRAM 1. Verskil tussen die bepaling van bruto produksiewaarde en bruto inkomste van 'n lewendehawevertakking




DIAGRAM 2. Verskil tussen die bepaling van bruto produkiewaarde en bruto inkomste van 'n gewasvertakking

2. INSETTERME

Hierdie terme hou meestal verband met hulpbronne wat in die produksieprosesse aangewend word soos byvoorbeeld voer, materiaal, arbeid en werktuie wat in fisiese of finansiële terme gemeet kan word.

2.1 Rekeningkundige insetterme

2.1.1 **Toerekenbare koste** behels 'n skatting van die waarde van voordele wat 'n boerderyvertakking of die boerdery in sy geheel gedurende die rekeningkundige tydperk toegeval het, maar waar geen werklike uitgawes aangegaan is nie. Dit sluit in die beraamde huurwaarde van, of rente op eie kapitaal belê in die grond en vaste verbeterings wat in besit van die ondernemer is, sowel as die waarde van onbetaalde arbeid en eie bestuur.

2.1.2 **Depresiasie** behels die verspreiding van die koste van 'n duursame bate oor sy produktiewe leeftyd.

Daar is basies twee benaderings betrokke by die berekening van depresiasie, te wete die rekeningkundige benadering (kosprys) en ekonomiese benadering (herwaardasie/vervangingswaarde).

2.1.2.1 **Die rekeningkundige benadering ten opsigte van depresiasie** is tradisioneel een van koste-toedeling. Die aanvanklike koste van 'n bate minus skrootwaarde (indien enige) word versprei oor sy leeftyd op die een of ander sistematiese en rasionele wyse.

Die bedrag aan depresiasie wat afgeskryf word, moet ooreenstem met die afname in waarde van die bate oor tyd. Die aanvanklike koste is 'n "vooruitbetaalde uitgawe". Wanneer die bate egter in meer as een boekjaar gebruik gaan word, moet hierdie koste oor die aantal boekjare wat ooreenstem met die produktiewe lewe van die bate, versprei word.

2.1.2.2 **Die ekonomiese benadering ten opsigte van depresiasie** beskou koste as ontoepaslik. Met hierdie benadering is depresiasie die verskil in kapitaalwaarde aan die begin en einde van die periode onder oorweging.

2.2 Algemene kosteterme

2.2.1 **Totale koste**³ (TK) is die totale koste van alle hulpbronne wat in die boerdery-onderneming gedurende 'n bepaalde jaar aangewend is met inbegrip van voorraadaanpassings en nie-kontant-items. Totale koste bestaan uit vaste plus veranderlike koste.

2.2.2 **Totale faktorkoste** (TFK) is die koste (werklik betaal en toerekenbaar) verbonde aan kapitaal (rente), grond (huur of pag), arbeid (salaris en lone) en bestuur (bestuursvergoeding).

2.2.2.1 **Vreemde faktorkoste** is rente, huur, salarisse, lone en bestuursvergoeding werklik betaal ten opsigte van produksiefaktore wat nie in eie besit is nie.

2.2.2.2 **Eie faktorkoste** is die toerekenbare koste ten opsigte van produksiefaktore wat in eie besit is of dienste (arbeid en bestuur) wat self gelever word.

³ Die term totale koste word gebruik wanneer die totale onderneming of boerdery ter sprake is. Die term produksiekoste word gebruik wanneer daar met 'n spesifieke boerderyvertakking gewerk word en sluit die totale koste van alle hulpbronne en dienste in, met die uitsluiting van bemarkingskoste

- 2.2.3 **Totale boerderykoste** (TBK) is totale koste minus totale faktorkoste (arbeid uitgesluit).
- 2.2.4 **Veranderlike koste** is daardie deel van totale koste wat binne die raamwerk van 'n bepaalde produksie-struktuur kan verander namate die omvang van die vertakkings varieer en/of die intensiteit van die produksie per eenheid varieer. Anders gestel is veranderlike koste, koste wat oor die korttermyn beheerbaar of vermybaar is.
- 2.2.5 **Vaste koste** is daardie deel van totale koste wat oor die korttermyn as gegewe of onveranderbaar beskou kan word en dus op korttermyn nie vermy of beheer kan word nie ongeag die omvang van en/of intensiteit van produksie.
- 2.2.6 **Direk toedeelbare koste** is daardie deel van veranderlike of vaste koste wat sonder die byhou van omvattende rekords aan 'n vertakking toegedeel kan word.
- 2.2.7 **Nie-direk toedeelbare koste** is daardie deel van veranderlike of vaste koste wat slegs met die byhou van omvattende, gedetailleerde rekords sinvol aan 'n vertakking toegedeel kan word.
- 2.2.8 **Nie-toedeelbare koste** is daardie deel van veranderlike of vaste koste wat nie sinvol aan 'n vertakking toegedeel kan word nie.
- 2.2.9 **Oorhoofse koste** is daardie deel van die kostekomponent (vas en veranderlik) wat nie aan 'n vertakking toegedeel is nie.
- 2.2.10 **Rente en finansieringskoste** is die koste wat betaalbaar is op skulde, lenings en oortrekkings deur die boerdery-onderneming (kapitaaldelging uitgesluit).
- 2.2.11 **Gehuurde bestuurskoste** sluit in die koste ten opsigte van enige betaalde bestuurder en bestuursdienste gehuur deur die boerdery-onderneming.
- 2.2.12 **Gereelde arbeidskoste** sluit in die koste ten opsigte van gereelde voormanne en arbeiders (gehuurde bestuur en onbetaalde familiewerk uitgesluit). Alle plaasgeproduseerde produkte, wat as deel van die bruto produksiewaarde van die boerdery aangedui is as verbruik deur arbeid, vorm deel van gereelde arbeidskoste.
- 2.2.13 **Toerekenbare rente of huurgeld (pag) op grond en vaste verbeterings.** Grond en vaste verbeterings word vergoed met huurgeld (pag). Die basis vir die huurtarief is die huur betaal deur gevestigde boere in die betrokke gebied op soortgelyke plase. Op gehuurde plase word denkbeeldige rente (ingeslote depresiasiekoste) op geboue of verbeterings wat op die huurder se koste opgerig is, in berekening gebring⁴.
- 2.2.14 **Toerekenbare familie-arbeidskoste** is gebaseer op die tyd gespandeer aan fisiese arbeid deur familie-werkers (boer en vrou ingesluit) wat geen gereelde arbeidsloon ontvang nie, gewaardeer teen die toepaslike arbeidsloon per uur wat arbeiders vir soortgelyke werk verdien.
- 2.2.15 **Bemarkingskoste** behels alle direkte en indirekte koste wat die produsent moet aangaan om die produk te bemark.

⁴ Slegs van toepassing indien dit nie deur die huurooreenkoms (en dus huurtarief) in aggeneem is nie




DIAGRAM 3. Uiteensetting van insetterme

⁵ Die gegewe indeling is tipies vir 'n enkele produksiejaar waarin die produksiekapasiteit gewoonlik gegee is. Of koste-items vas of veranderlik van aard sal wees, is egter grootliks afhanklik van die termyn ter sake




DIAGRAM 4. Insetterme ten opsigte van boerderyvertakkings (met voorbeelde vir die verskillende koste-kategorieë)

3. EKONOMIESE EN FINANSIËLE MAATSTAWWE

Die volgende terme word gebruik om die verskillende vlakke van ekonomiese en finansiële surplusse of tekorte vanweë die aftrekking van sekere insette vanaf die uitset aan te dui. Sommige is van toepassing op 'n vertakking en sommige op die boerdery as geheel.

- 3.1 **Bruto marge (BM)** van 'n vertakking is die vertakking se bruto produksiewaarde *minus* toedeelbare veranderlike koste. Die spesifieke veranderlikekoste-items wat ingesluit word, sal afhang van die doel van die berekening en die praktiese uitvoerbaarheid van die toedeling. Dit is derhalwe noodsaaklik om te spesifiseer watter koste-items wel ingesluit is.
- 3.2 **Bruto marge van 'n lewendehawevertakking** is die betrokke vertakking se bruto produksiewaarde *minus* die toedeelbare veranderlike koste, insluitende dié gedeelte van die gebruikte voergewasse se toedeelbare veranderlike koste.
- 3.3 **Bruto marge van 'n kontantgewasvertakking** is die betrokke vertakking se bruto produksiewaarde *minus* die toedeelbare veranderlike koste.
- 3.4 **Bruto marge van 'n voer- of aangeplanteweidingsgewas-oppervlakte** is die som van die weidende lewendehawevertakkings se bruto marges (voor aftrekking van die veranderlike koste van voergewasse), *plus* diverse inkomste uit weiding verhuur en toevallige verkope van veevoere, byvoorbeeld hooi⁶ tesame

⁶ Waar die verkope van saad of voer soos hooi 'n normale praktyk van die boerderybeleid is, word dit as 'n kontantgewasvertakking beskou




DIAGRAM 5. Bepaling van die bruto marge van 'n lewende hawe vertakking

⁷ Indien prakties moontlik




DIAGRAM 6. Bepaling van die bruto marge van 'n gewasse vertakking

⁸ Indien prakties moontlik

met 'n aanpassing in die gevalle waar 'n aanmerklike verandering in die waarde van voorrade van plaasgeproduseerde veevoere voorgekom het, *minus*:

- die toedeelbare veranderlike koste van aangeplante weiding en ander veevoergewasse; en
- nie-toegedeelde gekoopte ruvoere en gehuurde weiveld.

3.5 **Totale bruto marge** is die somtotaal van die bruto marges van die kontantgewas- en lewendehawe-vertakkings.

3.6 **Totale boerdery bruto marge** is die totale bruto marge *plus* diverse boerdery-inkomste of alternatiewelik is dit gelyk aan bruto boerderyproduksiewaarde *minus* die som van die toedeelbare veranderlike koste van al die vertakkings betrokke by die boerdery.

3.7 **Marge bo (spesifiseer koste)** word verkry indien aftrekkings vanaf bruto produksiewaarde gedoen word byvoorbeeld marge bo voerkoste.

3.8 **Netto boerdery-inkomste** (NBI) kan gedefinieer word as die vergoeding verbonde aan:

(a) grond (eie en gehuur)

(b) kapitaal (eie en vreemde)

(c) bestuur (eie en gehuur, asook eie en onbetaalde familie-arbeid).

Netto boerdery-inkomste per eenheidsbasis soos per oppervlakte bewerk of per R100 kapitaal belê is 'n redelik algemeen toepasbare vergelykende doeltreffendheidsmaatstaf tussen verskillende boerdery-eenhede, onafhanklik van die ondernemingsvorm, skuldslasverhouding, omvang of samestelling daarvan.

NBI word soos volg bereken:

(a) Bruto boerdery-inkomste *minus* totale boerderykoste⁹.

In die tradisionele rekeningkundestelsel van 'n individuele boerdery-onderneming is die netto boerdery-inkomste bloot 'n rekeningkundige residu (gewoonlik positief) tussen die voorafgaande items.

of

(b) Totale boerdery bruto marge *minus* oorhoofse koste (uitgesluit vergoeding aan bestuur, rente en grondpag of huur).

Hierdie metode word nie aanbeveel waar die boerderyvertakkings se produksiejare verskil nie.

Indien al die bogenoemde faktore daarna teen 'n voorafbepaalde tarief of koers vergoed word, sal daar 'n residuwaarde (positief of negatief) ontstaan wat as 'n toevallige/innovatorswins of -verlies omskryf word. (Kyk paragraaf 3.10)

3.9 **Boerderywins of -verlies** kan gedefinieer word as die vergoeding verbonde aan eie grond, kapitaal en bestuur (asook eie en onbetaalde familie-arbeid) en kan soos volg bereken word:

Netto boerdery-inkomste *minus* vergoeding aan gehuurde bestuur en vergoeding aan vreemde kapitaal¹⁰.

3.10 **Toevallige/innovatorswins en -verlies** is daardie reswaarde wat toevallig mag ontstaan indien alle produksiefaktore teen 'n voorafbepaalde tarief of koers billik vergoed is.

3.11 **Eie bestuursvergoeding**¹¹ kan soos volg bereken word naamlik:

Boerderywins *minus* toerekenbare rente op eie kapitaal, en pag op eie grond.

3.12 **Vergoeding aan totale kapitaal** (ingesluit grond) kan bereken word deur gehuurde bestuur en eie bestuursvergoeding¹¹ af te trek van netto boerdery-inkomste.

3.13 **Vergoeding aan eie kapitaal** (ingesluit grond) kan bereken word deur eie bestuursvergoeding¹¹ van netto boerderywins af te trek,

of

Verpligte vergoeding aan vreemde kapitaal van vergoeding aan totale kapitaal af te trek.

3.14 **Besteembare inkomste** gee 'n aanduiding van die kontantbedrag wat beskikbaar is vir verdere aanwending. Netto besteembare inkomste word verkry indien gesinsuitgawes en beleggings gemaak gedurende die jaar afgetrek word van besteembare inkomste.

⁹ Interne oordragte word hier geignoreer

¹⁰ Vergoeding aan vreemde kapitaal is huur en deel betaal op grond asook rente en finansieringskoste betaal

¹¹ Vergoeding aan eie bestuur sluit onbetaalde familie-arbeid, eie arbeid en eie bestuur in




DIAGRAM 7. Bepaling van netto boerdery-inkomste en netto boerderywins

¹² Slegs veranderlike koste wat nie by die brutomarge-berekening ingesluit is nie




DIAGRAM 8. Berekening van netto boerdery-inkomste vir ontledingsdoeleindes




DIAGRAM 9. Samevatting om alternatiewe wyse om boerderywins of -verlies te bereken




DIAGRAM 10. Die berekening van sekere vergoedingsresidu's




DIAGRAM 11. Berekening van besteembare en netto besteebare inkomste

4. ENKELE GEBRUIKSTERME BY BOERDERY-ONTLEDINGS

- 4.1 **Grond** sluit al die natuurbronne soos landbougrond, waterbronne, klimaat, ens. in wat benodig word om landbouprodukte voort te bring.
- 4.1.1 **Totale oppervlakte** omvat die oppervlakte van die totale plaas in hektaar. Die gewasse, aangeplante- en natuurlike weiding, geboue, bosse, werf, uitvalgrond, paaie ens. is daarby ingesluit, asook eie, gehuurde en grond om 'n deel bewerk.
- 4.1.2 Wanneer **per eenheidsoppervlakte** as maatstaf geneem word, moet die oppervlakte duidelik aangedui word; dit is hektaar geploeg of hektaar weiding.
- 4.1.3 **Landboukundig benutbare oppervlakte** bestaan uit die oppervlakte onder gewasse, aangeplante en natuurlike weiding. (Uitgesluit geboue, werf, uitvalgrond, paaie, ens.)
- 4.1.4 **Bewerkbare oppervlakte** is die totaal aan droëlande, besproeiingslande en bosplantasies.
- 4.2 **Voergewasse** is alle gewasse wat uitsluitlik vir lewende hawe op die plaas aangeplant is, met uitsluiting van gewasse soos graan en peulgewasse wat geoes word.
- 4.2.1 **Voergewasoppervlakte** is die oppervlakte van alle gewasse aangeplant op die plaas uitsluitlik vir lewendehawegebruik.
- 4.3 **Lewendehawe-eenheid** is gebaseer op geskatte energiebehoefte. Standaardverhoudings word gebruik vir die omrekening van diere van verskillende soorte en ouderdomme n lewendehawe-eenhede.
- 4.3.1 **Weidende lewendehawe-eenheid** is die lewendehawe-eenheid van weidende lewende hawe.
- 4.4 **Bedryfstak** in die landbousektor dui op bv. die mielie-, koring- of wolbedryf—dit word dus op nasionale vlak gesien.
- 4.4.1 **Vertakking** in die boerdery dui op bv. die mielie-, koring- of wolkaapvertakkings, ens. Dit word dus meer op plaasvlak gesien.
- 4.5 **Voertuie en werktuie**
- 4.5.1 **Werktuie** sluit in kragmasjiene, implemente en gereedskap.
- 4.5.2 **Voertuie** sluit in motors, bakkies, vragmotors, vliegtuie, motorfiets, ens.
- 4.6 **Arbeid** is hoofsaaklik die fisiese en in mindere mate verstandlike inspanning van die mens in die produksieproses.
- 4.6.1 **Arbeidsbehoefte** kan in terme van man-dae, standaardman-dae, ure of minute aangedui word en kan verstrekkend word per hektaar, aantal grootvee-eenhede, tydspanne of seisoen, en so meer.
- 4.6.2 'n **Standaardman-dag** is gelykstaande aan 8 uur effektiewe werk deur 'n volwasse manspersoon onder normale toestande.
- 4.6.3 **Jaarlikse arbeidseenhede** is die geskatte aantal voltydse werkers op 'n plaas. Een jaarlikse eenheid verteenwoordig die aktiwiteite van 'n persoon wat dwarsdeur die jaar vir die normale voltydse ure werksaam is. Deeltydse werkers en nie-volwasse arbeid word omgerekend in 'n voltydse ekwivalent in verhouding tot hul werklike werktyd.
- 4.7 **Bestuur** is hoofsaaklik die verstandelike inspanning van die mens vir besluitneming, beplanning, organisasie en kontrolering van die boerdery en in mindere mate sy fisiese inspanning in die produksieproses.

4.8 Gehuurde werknemers

Funksies bestaan uit:

- (a) fisiese arbeid
- (b) toesighoudende funksie en
- (c) bestuursfunksie.

Vergoeding aan (a) en (b) is vergoeding aan arbeid.

Vergoeding aan (c) is vergoeding aan gehuurde bestuur.

Waar bogenoemde funksies die verantwoordelikheid van een individu is, is dit wenslik om die vergoeding aan die individu realisties te allokeer, tussen arbeidsvergoeding en gehuurde bestuur.

- 4.9 **Kapitaal** word hier nie slegs as geld beskou nie, maar behels ook die waarde van al daardie goedere wat die ondernemer aanwend om die produksieproses makliker en doeltreffender te maak, byvoorbeeld vaste verbeterings, voertuie, werktuie en gereedskap asook geld. Totale kapitaal kan in eie- en vreemde kapitaal verdeel word.
- 4.9.1 **Vaste kapitaal** is kapitaal wat belê is in duursame bates en dus van 'n langtermynaard is. Hierdie kapitaal kan nie gereedlik verhandel word nie. Voorbeelde is grond en vaste verbeterings asook kapitaal in wingerde, boorde en plantasies belê.
- 4.9.2 **Losgoedkapitaal** is kapitaal wat belê is in bates, normaalweg van mediumtermynaard en wat gewoonlik nie in die produksieproses van vorm verander nie, soos vee, voertuie en werktuie.
- 4.9.3 **Bedryfskapitaal (bedryfsbates)** is normaalweg van 'n korttermynaard en is net gedurende 'n enkele jaar of produksieseisoen by die produksieproses betrokke. Dit word normaalweg binne die bestek van een jaar (produksieseisoen) opgebruik en sluit produksiemiddele in soos voer, kunsmis, saad, brandstof, asook kapitaal benodig vir die betaal van lone, herstelwerk, kontrakwerk en vervoer.
- 4.9.4 **Direk produktiewe kapitaal** is daardie kapitaallitems waaruit die finale inkomste voortvloei, met ander woorde die laaste skakel in die kapitaalketting wat inkomste voortbring soos grond, lewende hawe en boorde in produksie.
- 4.9.5 **Nie-direk produktiewe kapitaal**. In teenstelling met direk produktiewe kapitaal is nie-direk produktiewe kapitaal daardie kapitaallitems wat nie direk verantwoordelik is vir die finale voortbrenging van inkomste nie, byvoorbeeld vaste verbeterings, voertuie en werktuie.
- 4.9.6 **Vestigingskapitaal (van langtermyngevasse)** is kapitaal wat tydens vestiging belê word in bates met 'n produktiewe leeftyd langer as een jaar soos plantmateriaal, opleimateriaal, bogrondse en ondergrondse besproeiingsmateriaal asook kapitaal belê in aanvanklike boerdery-aktiwiteite soos dolwerk en dreineringswerke wat verantwoordelik is dat die landbouwaarde van kaal grond daardeur verhoog word. Dit is dus koste wat aangegaan word om 'n meerjarige gewas te vestig en te onderhou gedurende die nie-draende periode (normaalweg totdat hy 'n positiewe BM het).
- 4.10 **Kontantvloei** is die beweging van fondse deur die onderneming gedurende 'n bepaalde periode en word voorgestel deur ontvangste en betalings.
- 4.10.1 **Netto kontantvloei** is die verskil tussen ontvangste en betalings in 'n bepaalde periode. Kontantvloei kan in drie kategorieë verdeel word.
- 4.10.1.1 **Netto handelskontantvloei** is die netto vloei van fondse wat betrekking het op die handelstransaksies van die onderneming. Dit is die verskil tussen ontvangs- en betaallitems wat in die handels-, wins- en verliesrekening ingesluit is.
- 4.10.1.2 **Netto kapitaalkontantvloei** is die netto vloei van fondse wat betrekking het op die onderneming se kapitaallitems wat gewoonlik in die balansstaat voorkom.
- 4.10.1.3 **Netto persoonlike kontantvloei** is die netto vloei van fondse wat betrekking het op die ontvangste en betalings ten opsigte van nie-boerdery-items. Dit sluit in fondse onttrek vir eie gebruik en inkomstebelastingbetalings, asook inkomste ontvang van nie-boerderybronne.
- 4.11 **Omset** verteenwoordig die totale bruto produksiewaarde vir 'n rekeningkundige termyn.




DIAGRAM 12. Samestelling van totale kapitaalbelegging in die boerdery




DIAGRAM 13. Verband tussen kontantvloei en boerderywins of -verlies

5. BOERDERYREKENINGE

- 5.1 **Staat van inkomste en uitgawes** weergee die finansiële transaksies en dienooreenkomstige rekeningkundige wins of -verlies vir 'n spesifieke periode, gewoonlik 'n jaar. Dit sluit in die waarde van lewende hawe, gewasse, gekoopte en selfgeproduseerde voorraad aan die begin van die periode; die waarde van lewende hawe, gewasse, gekoopte en selfgeproduseerde voorraad aan die einde van die periode; asook handelsinkomste en -koste vir dieselfde periode.
- 5.2 **Die balansstaat:** Die transaksierekening vir 'n spesifieke periode word heel dikwels deur 'n **balansstaat** gerugsteun. Hierin word die bates en laste van die besigheid op 'n spesifieke tydstip, gewoonlik die laaste dag van die periode, aangetoon. Wanneer die balansstaat tesame met die handels-, wins- en verliesrekening opgestel is, moet die waardasies wat in beide gebruik word met mekaar ooreenstem. Grond word gewoonlik in die balansstaat teen historiese waarde ingebring. Word die balansstaat egter vir bestuursdoeleindes gebruik, is dit belangrik om 'n addisionele balansstaat op te stel waarin gebruik gemaak word van 'n markwaarde. Die verandering in netto waarde tussen opeenvolgende balansstate as gevolg van die herwaardasie van bates kan afsonderlik getoon word.
- 5.2.1 **Laste** is die totale waarde van eise teen die bates van die besigheid deur die onderskeie voorsieners van fondse aan die besigheid.
- 5.2.2 **Totale laste** word opgebou uit lang- en mediumtermynlaste, bedryfslaste en die netto waarde (eienaarsbelang).
- 5.2.3 **Lang- en mediumtermynlaste** is lenings en verbande en ander skulde wat onder normale omstandighede nie onderhewig is aan onmiddellike opvraging nie. 'n Voorbeeld is Land- en Landboubankverbande, bank en privaatlenings en lenings by familielede (rentedraend al dan nie).
- 5.2.4 **Bedryfslaste** (vlottende laste) is alle skulde of verpligtinge wat binne 'n jaar terugbetaal moet word. Dit behels onder meer oortrokke bankrekeninge, handelskrediet, alle korttermynlenings en paaiemente betaalbaar in die betrokke jaar op verbande en ander medium- en langtermynlenings¹³.
- 5.2.5 **Netto waarde (eienaarsbelang)** is daardie oorblywende deel van die bates wat die eenaar toekom nadat voorsiening vir alle ander eise teen die bates gemaak is. Die verandering in netto waarde tussen opeenvolgende balansstate sal eise, aansuiweringe vir wins (of verlies) vir die spesifieke jaar, persoonlike fondse (lenings uitgesluit) geïnvesteer, trekkings vir privaat uitgawes en nie-boerderybeleggings insluit.
- 5.2.6 **Bates** behels enigiets van waarde in besit van die besigheid of aansprake op enigiets in besit van 'n ander. Verskeie metodes vir die waardasie van bates word gevolg, byvoorbeeld: historiese koste, gedepresieerde waarde, huidige markwaarde of produksiekoste.
- 5.2.7 **Totale bates** word gewoonlik verdeel in vaste-, losgoed- en bedryfsbates.
- 5.2.8 **Vaste bates** is duursame bates wat deur relatief langtermynbeleggings verteenwoordig word vir die voortsetting van produksie oor die langtermyn—soos grond en geboue.
- 5.2.9 **Losgoed bates (intermediêre bates)** bestaan uit produksie-items met 'n bruikbare leeftyd van een tot tien jaar en wat hoofsaaklik meer as een keer gebruik word vir die voortsetting van produksie. Dit sluit nie bates in wat normaalweg in 'n kort periode ('n jaar of minder) in kontant omgesit kan word nie. Voorbeelde hiervan is aanteelvee en masjinerie.
- 5.2.10 **Bedryfsbates** (vlottende bates) word gewoonlik in twee kategorieë verdeel:
1. Fisiese, werkende bates wat slegs tydelike bates is en normaalweg in 'n kort periode ('n jaar of minder) in kontant omgesit kan word. Voorbeelde hiervan is bemarkbare lewende hawe en voorrade.
 2. Likiede bates bestaande onder meer uit kontant voorhande, bankbalans (positief) en diverse debiteure.
- 5.2.11 **Netto bedryfsbates** is totale bedryfsbates minus bedryfslaste.

¹³ Sien toe dat dit nie reeds 'n deel van die lang- en mediumtermynlenings uitmaak nie

BALANSSTAAT VAN 'N BOERDERY SOOS OP 31 DESEMBER 1982

BATES		LASTE	
Vlottende bates		Vlottende laste	
Kontant: Voorhande	X	Ongewisselde tjeks	X
In bank	X	Bankoortrekking	X
Voorhande:		Voorsiening vir inkomstebelasting	X
Klaar produkte	X	Krediteure	X
Halfklaar produkte	X	Korttermynverpligting op medium- en langtermynlaste	X
Produksiemiddele	X	Subtotaal (G)	XX
Debiteure	X		
Bemerkbare vee	X	Mediumtermynlaste	
Voor- en agterskotte	X	Huurkoopmaatskappy Z	X
Subtotaal (A)	XX	Bruikhuurmaatskappy	X
		Subtotaal (H)	XX
Vooruitbetaalde uitgawes			
Huurkooprente	X	Langtermynlaste	
Bruikhuurrente	X	Verbandlenings	X
Subtotaal (B)	XX	Landbank	X
		Subtotaal (I)	XX
Beleggings		Totale laste (J=G+H+I)	XXX
Koöperasieheffingsfonds	X	Netto waarde (F-J)	X
Uitgestelde bonusbetalingsfonds	X	Totale laste + netto waarde	XXX
Subtotaal (C)	XX		
Losgoedbates			
Aanteelvee	X		
Melk- en wolkuddes	X		
Meganiese toerusting (bruikhuur items ingesluit)	X		
Subtotaal (D)	XX		
Vaste bates			
Vaste verbeterings	X		
Grond (eie)			
Op geboer	X		
Verhuur (L)	X		
Subtotaal (E)	XX		
Totale bates (F=A+B+C+D+E)	XXX		
Waarde van huurgrond (K)	X		
Totale kapitaalaanwending (M=F+K-L)	XXXXX		

DIAGRAM 14. Voorbeeld van 'n bestuursbalansstaat

FINANSIËLE VERHOUDINGSGETALLE

1. RENTABILITEITSVERHOUDINGS

- 1.1 Ondernemingsrentabiliteit (Ro): $\frac{\text{NBI}}{\text{Totale kapitaal aangewend}} \times \frac{100}{1}$
- 1.2 Rentabiliteit op totale kapitaal (Rk): $\frac{\text{NBI} - \text{Bestuursvergoeding (gehuur + eie)}}{\text{Totale kapitaal}} \times \frac{100}{1}$
- 1.3 Rentabiliteit op eie kapitaal (Re): $\frac{\text{NBI} - \text{Bestuursvergoeding (eie)} - \text{Vergoeding aan vreemde kapitaal}}{\text{Eie kapitaal}} \times \frac{100}{1}$

2. SOLVABILITEITSVERHOUDINGS

2.1 Kapitaalverhoudings

- 2.1.1 Netto kapitaalverhouding: $\frac{\text{Totale bates}}{\text{Totale laste}}$
- 2.1.2 Hefboomverhouding: $\frac{\text{Vreemde kapitaal}}{\text{Eie kapitaal}}$
- 2.2 Skuldslasverhouding: $\frac{\text{Vreemde kapitaal}}{\text{Totale bates}} \times \frac{100}{1}$
- 2.3 Finansiële hefboomfaktor: $\frac{\text{Re (Eie kapitaal)}}{\text{Rk (Totale kapitaal)}} = \frac{\frac{\text{NBI} - \text{Bestuursvergoeding (eie)} - \text{Vergoeding aan vreemde kapitaal}}{\text{Eie kapitaal}}}{\frac{\text{NBI} - \text{Bestuursvergoeding (gehuur + eie)}}{\text{Totale kapitaal}}}$

3. LIKIDITEITSVERHOUDINGS

- 3.1 Bedryfsverhoudings: Uit balanstaat: Uit inkomstestaat:
 $\frac{\text{Bedryfsbates}}{\text{Bedryfslaste}}$ $\frac{\text{Veranderlike koste}}{\text{BBI}}$
- 3.2 Vuurproefverhouding: $\frac{\text{Bedryfsbates} - \text{voorraad}}{\text{Bedryfslaste}}$
- 3.3 Kontantverhouding: $\frac{\text{Kontant}}{\text{Bedryfslaste}}$
- 3.4 Vaste verhouding: $\frac{\text{Vaste koste}}{\text{Bruto boerdery-inkomste}}$
- 3.5 Bruto verhouding: $\frac{\text{Totale boerderykoste}}{\text{Bruto boerdery-inkomste}}$

4. ANDER DOELTREFFENDHEIDSMATSTAWWE

- 4.1 NBI per R100 kapitaalbelegging: $\frac{\text{Netto boerdery-inkomste}}{\text{Gemiddelde kapitaalbelegging}} \times \frac{100}{1}$
- 4.2 Kapitaal-omsetverhouding: $\frac{\text{Bruto boerdery-inkomste}}{\text{Totale kapitaalbelegging}}$ (Uitgedruk in keer per jaar)
- 4.3 Omloopsnelheid van totale bates: $\frac{\text{Bruto boerdery-inkomste}}{\text{Totale bates}}$ (Uitgedruk in keer per jaar)
- 4.4 Omloopsnelheid van vaste bates: $\frac{\text{Bruto boerdery-inkomste}}{\text{Vaste bates}}$ (Uitgedruk in keer per jaar)
- 4.5 Omloopsnelheid van bedryfsbates: $\frac{\text{Bruto boerdery-inkomste}}{\text{Bedryfsbates}}$ (Uitgedruk in keer per jaar)
- 4.6 Ondernemingsgroei: $\frac{\text{Eie kapitaal jr 2} - \text{Eie kapitaal jr 1}}{\text{Eie kapitaal jr 1}} \times \frac{100}{1}$

LYS VAN VOORGESTELDE AFKORTINGS

BPW	Bruto produksiewaarde
BBPW	Bruto boerderyproduksiewaarde
DBI	Diverse boerdery-inkomste
BI	Bruto inkomste
BBI	Bruto boerdery-inkomste
BPW (G)	Bruto produksiewaarde van gewasse
BPW (LH)	Bruto produksiewaarde van lewende hawe
TFK	Totale faktorkoste
TBK	Totale bedryfskoste
DAVK	Direk toedeelbare veranderlike koste
DAFK	Direk toedeelbare vaste koste
N-DAVK	Nie-direk toedeelbare veranderlike koste
N-DAFK	Nie-direk toedeelbare vaste koste
N-AVK	Nie-allokeerbare veranderlike koste
N-AFK	Nie-allokeerbare vaste koste
BM	Bruto marge
TBM	Totale bruto marge
TBBM	Totale boerdery bruto marge
BM (G)	Bruto marge van gewasse
BM (LH)	Bruto marge van lewende hawe
NBI	Netto boerdery-inkomste
BW	Boerderywins
BV	Boerderyverlies
BT	Totale Bestuursvergoeding
BE	Eie Bestuursvergoeding
BH	Gehuurde Bestuursvergoeding
TK	Totale Kapitaal
EK	Eie Kapitaal
VK	Vreemde Kapitaal